

Lief en Leed

Voorbidding word gevra vir alle kanker pasiënte. Ons vra dat die Here hul sal bystaan vir die nodige behandeling. Hulle krag sal gee vir elke nuwe dag.

Voorbidding word gevra vir alle persone wat in hierdie moeilike tye sonder werk is, of waar die moontlikheid bestaan dat hulle hul werk sal verloor. Ons bid dat God vir u elkeen 'n nuwe, beter, groter deur sal open.

Ons dink steeds in ons gebede aan die persone wat die afgelope maand wel ongesteld was en waarvan die kantoor nie kennis gedra het nie. Here, U weet wie hulle is. Seën hulle asseblief met U helende hand. Vir U is niks onmoontlik nie.

Fanie Nel het Woensdag 2 stents ontvang. Hy is reeds tuis. Maar sal vir die volgende maand nog medikasie moet gebruik tot die prosedure finaal gestabiliseer het. Ons bid en dank die Here vir Sy vinnige genesing en is dankbaar dat hy (Fanie) Vrydag sy verjaarsdag tuis kon vier.

Joe Swart is, na haar rug operasie, uit Step Down Kliniek ontslaan en sterk tans by haar dogter in Kempton Park aan. Ons is saam met haar bly vir die spoedige genesing en vra God se genade dat dit so sal voortduur.

Petru Kruger - het steeds u dringende voorbidding nodig.

Ons is bly om Morgan Smit weer aan die gang te sien na 2 gekraakte ribbes en dank saam met hom die Vader vir die vinnige verbetering.

Ons vra voorbidding en nader God vir sy genade dat Gerty Slabbert vinnige sal herstel na haar rug operasie, sodat sy sterk genoeg en buigbaar genoeg sal wees om verdere mediese prosedure te ondergaan.

Ds. Gideon en ds. Petro het die 18 de Junie vanaf Turkye na Kaïro, Egipte vertrek, daarna besoek hulle Jordanië en sal DV 5 Julie terug vlieg na RSA.Ek hoor geen nuus nie en Ma het altyd gesê “geen nuus is goeie nuus, my kind”

Die Aankondiger !

Omgeekerk kantoor nr: 012 664 6695

EREDIENS: 28 Junie 2015 om 9:00

Prediker: Ds. Bianca van Graan

Skriflesing: 2 Kor. 8:1-15

**Liedere: 164:1-2; 190:1-3; 199:1-3; 2
31:1,3; 266; 524:1-3**

Jeug: 18:00 Rusoord: 16:45

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Jesus het vir Sy dissipels gesê: Kom eenkant en rus 'n bietjie.

GEBEDSVERSOEKE

Jeremia verklaar die volgende: dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en wat nie ophou om vrugte te dra nie, selfs in 'n droë jaar. (Jer. 17:7-8)

Laat ons in die Ramadaan tyd voorbidding doen vir die Moslems. In die nuusbrieff van Geopende Deure word berig dat die Here dikwels deur visioene en drome tot hulle deurdring. Mag hulle Jesus as persoonlike Saligmaker leer ken.

Die baie pasiënte in staatshospitale, die verpleegpersoneel, dokters en administratiewe personeel, het ons gebede nodig.

Laat ons ook nie die gevangenes en verhoorafwagendes vergeet nie. Die bewaarders het 'n belangrike en veeleisende taak. Mag evangelisasie programme vrug oplewer. Ons bid ook vir geliefdes van gevangenes wat onder moeilike omstandighede moet voortgaan met hulle lewens.

Mag ons kinders en ouers 'n geseënde rustyd geniet.



ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

Deurkollekte :

Instandhouding

BRUINGELD

Daar is reeds **R11030.00** ingevorder vanaf 21/11/2012

Bybel projek

Nuwe Bybels is beskikbaar in die kombuis-area. Indien u 'n Bybel in 'n Afrika-taal of Engels nodig, (hardeband teen R 45 en sagteband teen R 25) bestel asb. vandag nog in die kombuis area of skakel Annetta by 012 6404008 / 076 293 2125

BYBELSTUDIEGROEPE :

Geen gedurende die skoolvakansie nie. Hervat weer op Maandag 20 Julie

Omgee-Manne: geen tot ds. Gideon terug is van verlof

OMGEE VROU

Vir die **Fondsinsamelingsgeleentheid** wat beplan word vir die 24ste Oktober 2015 wil ons graag vir **Jannie Moolman** as gaskunstenaar nooi. Ons is dringend op soek na 'n borg vir hierdie geleentheid. Is daar miskien iemand waarvan julle weet wat so 'n geleentheid kan gebruik om sy saak te adverteer? Kontak Adél by 0126642261 of 0768900823

Indien u inligting oor **Lief en Leed** het, kan u groot asb. vir Sue in die kantoor skakel by **012 664 6695**. Baie dankie.

ONTHOU ASB. ONS BANK INFO:

NG Lyttelton-Noord. Absa Bank
Rek.nr: 600590243, Tak: 335045

SMS'e

Kry u SMS'e met die kerk se doen en late? Indien nie, en u wil graag; bel asb. vir Sue in die kantoor by 012 664-6695 om te verseker dat u dit ook ontvang.

Baie geluk aan almal wat verjaar 28 Junie tot 24 Julie

Verjaar	Noemnaam	Van	Landlyn	Selfoon
06/28	Paulie	Erasmus	012 664 4490	072 1800 331
06/28	Pat	Martens	012 664 3432	
06/29	Antoine	Botha	082 925 6709	0826003436
06/29	Abraham	Van Niekerk	012 664 3179	0823583748
06/30	Emile	Conradie		
06/30	Heléne	Mouton	012 664 2179	
07/01	Ansu	Blignaut	012 664 3584	
07/01	Ruan	Cockrell		0795645988
07/01	Fanie	Venter	0126640290	0834693773
07/02	Chris	Calitz	012 664 5342	0834472012
07/03	Christine	Van Sittert		0835670345
07/04	Charl	Marais	0110242430	0828551434

